



**LAERSKOOL
PAUL GREYLING**
ons skool • ons trots • ons toekoms

+27 21 782 3940 
www.lpgskool.co.za 
lpg@lpgskool.co.za 
Sunrayweg, Vishoek 

LAERSKOOL PAUL GREYLING NASORGSENTRUM 2022

Navrae: Me. Cindy Blom
Tel: (021) 782 3940
Sel No: 084 580 4276

Geagte Nasorg Ouers

Ons verwelkom alle kinders vanaf Graad R tot en met Graad 7 by Laerskool Paul Greyling se Nasorg. Ons wil graag by die Nasorg 'n huis weg van die huis vir die kinders skep, sodat hulle uitsien om na skool daarheen te gaan. Om dit te kan vermag, wil ons graag net die volgende onder u aandag bring.

Reëlings aangaande Nasorg:

- Nasorg Tye: 12:30 – 17:00 Stiptelik.
- Kinders is altyd onder toesig.
- Kinders word voorsien van 'n toebroodjie en koeldrank, maar u is welkom om 'n ekstra broodjie of vrugte saam te stuur.
- Alhoewel ons kinders in die middag geleentheid gee om hulle huiswerk te doen, afhange van naskoolse aktiwiteite, is dit steeds u plig om toe te sien dat huiswerk voltooi word.
- Stel ons asseblief in kennis indien u kind by 'n maatjie gaan speel/partytjie gaan bywoon of met 'n ander geleentheid huis toe gaan. **DIT IS VIR U KIND SE VEILIGHEID!**
- Medikasie sal slegs gegee word indien ons 'n briefie gekry het.
- Kinders is self verantwoordelik vir speelgoed wat hulle Nasorg toe bring.
- Maak asseblief seker dat die hek by Nasorg altyd gesluit is.
- Indien enige inligting soos telefoonnommers of adresse verander, stel ons asseblief in kennis.

RESPEK: Kinders moet te alle tye respek teenoor die Nasorgpersoneel asook die maats hê!



Nasorgfooie vir 2022:

LET WEL: Nasorgfooie is vooruitbetaalbaar oor 10 maande. Januarie fooi betaalbaar teen 17 Januarie 2022, daarna is fooie betaalbaar teen die 1ste dag van elke maand.

<u>Maandeliks:</u>	R1 000 (tot 17:00)	Tarief 1
<u>Daaglik:</u>	R 70 (tot 17:00)	Tarief 2
	R 50 tot en met 1 uur	Tarief 3

Plaas asseblief die geld in 'n koevert met u kind se naam en bedrag op. Geld kan ook by Pieter Mouissie (Finanskantoor) betaal word. Internetbetalings is ook welkom.

Bankbesonderhede:

Naam	: Laerskool Paul Greyling
	: ABSA
Tipe Reken	: Tjek
Rekening no	: 3230140773
Tak	: Vishoek
Tak Kode	: 632005
Verwysing	: Nasorg en Kind se naam

Boetes van R20 vir elke 5-minute word gehef indien u nie u kind betyds oplaai nie. Skakel ons asseblief by 084 580 4276 (Cindy) as u 'n probleem het en nie betyds kan wees nie.

Ons vertrou u kind/ers sal gelukkig wees by die Nasorg en ons deur staan altyd oop indien u met ons wil gesels!

Vriendelike Nasorggroete

MEV. CINDY BLOM

NASORGHOOF



NASORG VRYWARING-EN ONDERNEMINGSVORM

Ek/Ons, die Ouer/Voog _____ van:

1. (Kind se naam) _____
2. (Kind se naam) _____
3. (Kind se naam) _____

gee hiermee toestemming dat my Seun/Dogter van die Nasorgfasiliteite van Laerskool Paul Greyling gebruik mag maak.

Alhoewel ek/ons aanvaar dat die Nasorgpersoneel alle redelike voorsorgmaatreëls ten opsigte van die veiligheid en welsyn van my/ons kind sal tref, onderneem ek/ons om die Nasorgsentrum namens my/ons, my/ons eksekuteure, my/ons eggenote/eggenoot en voormelde kind(ers) te vrywaar, skadeloos te stel teen en kwyt te stel van enige of alle eise hoegenaamd wat in verband staan met enige verlies of beskadiging van die eiendom van my voormelde kind(ers) of enige besering van die persoon van voormelde kind(ers) tydens sodanige versorging.

Naam en Van Vader: _____

Adres: _____

Beroep: _____

Sel Nommer: _____

Werk Tel Nommer: _____

E-Pos Adres: _____

Naam en Van Moeder: _____

Adres: _____

Beroep: _____

Sel Nommer: _____

Werk Tel Nommer: _____



Huis Tel Nommer: _____

E-Pos Adres: _____

Kind/ers se geboortedatum: 1. _____

2. _____

3. _____

Dokter: _____

Tel No: _____

Enige Allergië/Chroniese Siektes/Medikasie

Indien u kind saam met 'n ryklub of ander geleentheid ry, meld asseblief saam met wie:

Ek/Ons erken ontvangs van hierdie brief aangaande Nasorgreëlings en fooie en gaan gebruik maak van:

Tarief: 1 2 3 (Geliewe u keuse te omkring)

Hiermee onderneem ek/ons om Nasorgfooie stiptelik vir die betrokke maand te betaal.

Naam en Van Vader: _____

Handtekening

Datum

Naam en Van Moeder: _____

Handtekening

Datum

